DEPARTMENT OF EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION - 2005
# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005

## HISTORY P2 : GENERAL HISTORY
## GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

**STANDARD GRADE**
**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARY/MARCH 2005**
**FEBRUARIE/MAART 2005**

**503-2/2**

HISTORY SG: Paper 2: General
Question Paper & Addendum

503 2 2 SG

**Marks: 150**
**Punte : 150**

**2½ Hours**
**2½ Ure**

**This question paper consists of 9 pages and an ADDENDUM of 14 pages.**
**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n ADDENDUM van 14 bladsye.**

X05

*Copyright reserved*
*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.

5. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

6. Beantwoord DRIE vrae.

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 Jy moet minstens EEN vraag uit die verpligte tema beantwoord: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU (óf 'n opstel- óf 'n brongebaseerde vraag).

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar.

**INSTRUCTIONS TO CANDIDATES**

Read the following instructions carefully before deciding on which questions to answer:

1. This question paper consists of SECTION A and SECTION B.
2. SECTION A consists of SIX essay questions.
3. SECTION B consists of THREE source-based questions. Source material to be used to answer these questions is in the ADDENDUM.
4. Do NOT answer TWO essay questions from the same theme.
5. You are allowed to answer ONE essay question and ONE source-based question from the same theme.
6. Answer THREE questions.
   6.1 At least ONE must be an essay question and at least ONE must be a source-based question.
   6.2 You must answer at least ONE question from the compulsory theme: AFRICA IN THE TWENTIETH CENTURY (either an essay or a source-based question).
7. Questions and subsections of questions must be numbered clearly and correctly.
8. Write clearly and legibly.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 1A**

Bespreek die politieke, maatskaplike en ekonomiese uitdagings wat die ontwikkeling van Afrika-state na onafhanklikheid moeiliker gemaak het. **[50]**

**OF**

**VRAAG 1B**

Bespreek die oogmerke/doelwitte en prestasies van die OAE vanaf 1963 tot 1994. **[50]**

### VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 2A**

Verduidelik die ekonomiese beleide (Oorlogskommunisme en die Nuwe Ekonomiese Beleid) wat in Sowjet-Rusland tussen 1918 en 1924 geïmplementeer is. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Bespreek die implementering van Stalin se Vyfjaarplanne in Sowjet-Rusland tussen 1927 en 1941. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## SECTION A: ESSAY QUESTIONS

Answer at least ONE question and not more than TWO questions from this section.

### QUESTION 1: AFRICA IN THE TWENTIETH CENTURY

Answer either QUESTION 1A or QUESTION 1B. Do NOT answer both questions.

**QUESTION 1A**

Discuss the political, social and economic challenges which made the development of African states after independence more difficult. **[50]**

**OR**

**QUESTION 1B**

Describe the aims and achievements of the OAU from 1963 to 1994. **[50]**

### QUESTION 2: THE RISE OF SOVIET RUSSIA

Answer either QUESTION 2A or QUESTION 2B. Do NOT answer both questions.

**QUESTION 2A**

Explain the economic policies (War Communism and New Economic Policy) implemented in Soviet Russia between 1918 and 1924. **[50]**

**OR**

**QUESTION 2B**

Discuss the implementation of Stalin's Five Year Plans in Soviet Russia between 1927 and 1941. **[50]**

## VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

### VRAAG 3A

Beskryf die tekortkomings/swakhede van die Amerikaanse ekonomie wat gelei het tot die ineenstorting van die Amerikaanse Effektebeurs in 1929. **[50]**

**OF**

### VRAAG 3B

Verduidelik hoe Roosevelt se New Deal-agentskappe ('staatsliggame') Verligting, Herstel en Hervorming in Amerika gebring het tussen 1933 en 1939. **[50]**

*Kopiereg voorbehou* 

## QUESTION 3: THE RISE OF THE UNITED STATES OF AMERICA

Answer either QUESTION 3A or QUESTION 3B. Do NOT answer both questions.

### QUESTION 3A

Describe the weaknesses of the American economy that led to the collapse of the American Stock Exchange in 1929. **[50]**

**OR**

### QUESTION 3B

Explain how Roosevelt's New Deal agencies ('state bodies') brought about Relief, Recovery and Reform in America between 1933 and 1939. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 KOLONIALISME IN AFRIKA

Gebruik Bronne 4A, 4B, 4C en 4D oor kolonisasie in Afrika om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Gebruik Bron 4A om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Watter basiese reg, volgens die Pan-Afrika Kongres, moes alle mense geniet? (1 x 2) (2)

(b) Waarom het die meeste lande in Afrika nie hierdie 'reg' ten tyde van die skryf van hierdie bron (1945) geniet nie? (1 x 2) (2)

(c) Watter groep mense, volgens die Pan-Afrika Kongres, moes die voorste linie uitmaak van die stryd teen koloniale regering? (1 x 2) (2)

(d) Identifiseer die 'wapens' wat volgens die Pan-Afrika Kongres in hierdie stryd gebruik moes word. (2 x 1) (2)

(e) Gebruik jou eie kennis en verduidelik die betekenis van EEN van die 'wapens' wat geïdentifiseer word in VRAAG 4.1.1(d). (1 x 3) (3)

4.1.2 Gebruik Bron 4B om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Hoe beskryf Diop se gedig lewe onder 'n koloniale regering? (3 x 1) (3)

(b) Wat verlang die gedig van mense wat onder koloniale heerskappy lewe? (2 x 1) (2)

4.1.3 Identifiseer the idees wat gemeenskaplik is aan Bronne 4A en 4B. (2 x 2) (4)

4.1.4 Gebruik Bron 4C om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat verlang Kaunda vir die mense van Zambië? (1 x 1) (1)

(b) Verduidelik hoe Kaunda gehoop het om dit te bereik wat hy vir die mense van Zambië verlang het. (2 x 1) (2)

## SECTION B: SOURCE-BASED QUESTIONS

Answer at least ONE question from this section. Source material to be used to answer these questions is in the ADDENDUM.

## QUESTION 4: AFRICA IN THE TWENTIETH CENTURY

### 4.1 COLONIALISM IN AFRICA

Use Sources 4A, 4B, 4C and 4D on colonialism in Africa to answer the following questions:

4.1.1 Use Source 4A to answer the following questions:

(a) What was the basic right that the Pan-African Congress believed that all people should have? (1 x 2) (2)

(b) Why did most African countries not have this 'right' at the time (1945) the source was written? (1 x 2) (2)

(c) Which group of people did the Pan-African Congress believe should be in the front of the battle against colonial rule? (1 x 2) (2)

(d) Identify the 'weapons' that the Pan-African Congress believed should be used in this battle. (2 x 1) (2)

(e) Using your own knowledge, describe the meaning of ONE of the 'weapons' identified in QUESTION 4.1.1(d). (1 x 3) (3)

4.1.2 Use Source 4B to answer the following questions:

(a) How does Diop's poem describe life under colonial rule? (3 x 1) (3)

(b) What does the poem want people living under colonial rule to do? (2 x 1) (2)

4.1.3 Identify the ideas that Sources 4A and 4B have in common. (2 x 2) (4)

4.1.4 Use Source 4C to answer the following questions:

(a) What does Kaunda want for the people of Zambia? (1 x 1) (1)

(b) Explain how Kaunda hoped to achieve what he wanted for the people of Zambia. (2 x 1) (2)

4.1.5 Gebruik Bron 4D om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Hoe het Welensky die rol van Afrikane in die koloniale samelewing gesien? (1 x 3) (3)

(b) Ondersteun Welensky die idee van selfregering vir Afrikane? (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 4.1.5(b) hierbo. (2 x 2) (4)

4.1.6 Deur gebruik te maak van Bronne 4A, 4B, 4C en 4D, skryf 'n paragraaf waarin jy die ervarings beskryf wat jy moontlik kon ervaar as 'n jong Afrikaan wat onder 'n koloniale regering lewe. (6)

**(38)**

## 4.2 VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE OP AFRIKA-EENHEID

Gebruik Bronne 4E, 4F en 4G, wat handel oor verskillende perspektiewe op Afrika-eenheid, om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Volgens dr. Kwame Nkrumah in Bron 4E, wat moes eers bereik word voordat bevryding in Afrika kan triomfeer? (1 x 2) (2)

4.2.2 Bestudeer Bronne 4E en 4F en verduidelik die verskillende standpunte wat dr. Nkrumah (Bron 4E) en Arifalo (Bron 4F) oor die moontlikheid van 'n verenigde Afrika het. (2 x 2) (4)

4.2.3 Gebruik Bron 4G om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Beeld die spotprent dr. Nkrumah se mening in (Bron 4E) uit? (1 x 2) (2)

(b) Gee redes vir jou antwoord in VRAAG 4.2.3(a) hierbo. (2 x 2) (4)

**(12)**

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

4.1.5 Use Source 4D to answer the following questions:

(a) How did Welensky view the role of Africans in colonial society? (1 x 3) (3)

(b) Does Welensky support the idea of African self-government? (1 x 2) (2)

(c) Explain your answer to QUESTION 4.1.5(b) above. (2 x 2) (4)

4.1.6 Using Sources 4A, 4B, 4C and 4D, write a paragraph describing what your experiences could have been as a young African living under colonial rule. (6)

**(38)**

## 4.2 DIFFERENT PERSPECTIVES ON AFRICAN UNITY

Use Sources 4E, 4F and 4G, dealing with different perspectives on African unity, to answer the following questions:

4.2.1 According to Dr Kwame Nkrumah in Source 4E, what needs to be achieved before African liberation can be declared triumphant? (1 x 2) (2)

4.2.2 Study Sources 4E and 4F and explain the different views Dr Nkrumah (Source 4E) and Arifalo (Source 4F) have about the possibility of a united Africa. (2 x 2) (4)

4.2.3 Use Source 4G to answer the following questions:

(a) Does Source 4G illustrate the view expressed by Dr Nkrumah in Source 4E? (1 x 2) (2)

(b) Give reasons for your answer in QUESTION 4.2.3(a) above. (2 x 2) (4)

**(12)**

**[50]**

Copyright reserved 

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WêRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 DIE BRITSE PAAIBELEID EN DUITSE BUITELANDSE BELEID

Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en 5D, wat handel oor die Britse paaibeleid en Duitse buitelandse beleid, om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Gebruik Bron 5A en noem TWEE oogmerke van die Nazi Party. (2 x 1) (2)

5.1.2 Met verwysing na Bron 5B, verduidelik hoe die Nazi's beplan het om hul oogmerke te bereik. (2 x 2) (4)

5.1.3 Gebruik Bron 5B om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Bied Bron 5B betroubare historiese bewyse vir iemand wat meer wil uitvind oor die bedoelings van Duitse buitelandse beleid onder die Naziregering? (1 x 2) (2)

(b) Verskaf redes vir jou antwoord in VRAAG 5.1.3(a) hierbo. (2 x 2) (4)

5.1.4 Verwys na Bron 5D. Wat was Neville Chamberlain se houding teenoor Nazi Duitsland? (1 x 2) (2)

5.1.5 Met verwysing na Bronne 5A, 5B en 5C, beantwoord die volgende vrae:

(a) Dink jy dat Lloyd George bewus was van die oogmerke van Hitler se buitelandse beleid gedurende die 1930's? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 5.1.5(a) hierbo. (2 x 2) (4)

5.1.6 Gebruik Bronne 5B en 5D om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Was Neville Chamberlain gereed om geweld te gebruik om Hitler se uitbreiding na Oostenryk en Tsjeggo-Slowakye te opponeer? (1 x 2) (2)

(b) Verskaf redes vir jou antwoord VRAAG 5.1.6(a) hierbo. (2 x 2) (4)

**(26)**

## QUESTION 5: CIRCUMSTANCES WHICH LED TO THE SECOND WORLD WAR

### 5.1 BRITISH APPEASEMENT AND GERMAN FOREIGN POLICY

Use Sources 5A, 5B, 5C and 5D, dealing with British appeasement and German foreign policy, to answer the following questions:

5.1.1 Using Source 5A, list TWO aims of the Nazi Party. (2 x 1) (2)

5.1.2 With reference to Source 5B, explain how the Nazis planned to achieve their aims. (2 x 2) (4)

5.1.3 Use Source 5B to answer the following questions:

(a) Does Source 5B provide reliable historical evidence for someone who wants to find out more about the intentions of German foreign policy under the Nazi government? (1 x 2) (2)

(b) What are the reasons for your answer in QUESTION 5.1.3(a) above. (2 x 2) (4)

5.1.4 Refer to Source 5D. What was Neville Chamberlain's attitude towards Nazi Germany? (1 x 2) (2)

5.1.5 With reference to Sources 5A, 5B and 5C, answer the following questions:

(a) Do you think that Lloyd George was aware of the aims of Hitler's foreign policy during the 1930s? (1 x 2) (2)

(b) Explain your answer in QUESTION 5.1.5(a) above. (2 x 2) (4)

5.1.6 Use Sources 5B and 5D to answer the following questions:

(a) Was Neville Chamberlain ready to use force to oppose Hitler's expansion into Austria and Czechoslovakia? (1 x 2) (2)

(b) Give reasons for your answer in QUESTION 5.1.6(a) above. (2 x 2) (4)

**(26)**

Copyright reserved 

## 5.2 NAZI RASSEBELEID TEENOOR JODE

Gebruik Bronne 5E, 5F en 5G, wat handel oor die Nazi-beleid teenoor Jode, om die volgende vrae te beantwoord:

5.2.1 Maak gebruik van Bronne 5E en 5G en noem VIER 'rassegroepe' wat as minderwaardig deur die Nazi's beskou is. (4 x 1) (4)

5.2.2 Verwys na Bronne 5E en 5F om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het die onderwysstelsel onder die Nazi-regime Duitse kinders geleer? (1 x 2) (2)

(b) Het die Duitse onderwysstelsel sy oogmerke bereik? (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 5.2.2(b) hierbo. (2 x 2) (4)

5.2.3 Deur gebruik te maak van Bron 5H, verduidelik waarom Hitler geweier het om Jesse Owen geluk te wens. (2 x 2) (4)

5.2.4 Die foto van Jesse Owen (Bron 5G) is aan die Duitse skoolseun wat die opstel in Bron 5F geskryf het, getoon. Die Duitse skoolseun is ook vertel van Owen se prestasies by die Olimpiese Spele in Berlyn.

(a) Wat dink jy sal die Duitse skoolseun se reaksie hierop wees? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik waarom jy dink dat die Duitse skoolseun op so 'n wyse sal reageer? (3 x 2) (6)

**(24)**
**[50]**

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGS EN GEBEURE: DIE KOUE OORLOG

## 6.1 DIE TRUMANLEER EN DIE MARSHALLPLAN

Bestudeer Bronne 6A, 6B, 6C en 6D, wat verwys na die Trumanleer en die Marshallplan, om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verskaf DRIE redes waarom die VSA geglo het dat hulp aan Europa verskaf moes word. (3 x 1) (3)

6.1.2 Waarom, volgens Bron 6B, het Rusland die Trumanleer as 'n bedreiging gesien? (3 x 1) (3)

6.1.3 Deur gebruik te maak van inligting uit Bronne 6A en 6B, gee die verskillende standpunte oor samewerking (soos in die Marshallplan gereflekteer) volgens die VSA en Rusland. (4 x 2) (8)

Kopiereg voorbehou 

## 5.2 NAZI RACIAL POLICY TOWARDS JEWS

Use Sources 5E, 5F and 5G, dealing with Nazi policy towards Jews, to answer the following questions:

5.2.1 Using Sources 5E and 5G, name FOUR 'racial groups' the Nazis regarded as inferior. (4 x 1) (4)

5.2.2 Refer to Sources 5E and 5F to answer the following questions:

(a) What did the education system under the Nazi regime teach German children? (1 x 2) (2)

(b) Did the German education system achieve its objectives? (1 x 2) (2)

(c) Explain your answer to QUESTION 5.2.2(b) above. (2 x 2) (4)

5.2.3 Using Source 5H, explain why Hitler refused to congratulate Jesse Owen. (2 x 2) (4)

5.2.4 The photograph of Jesse Owen (Source 5G) was shown to the German schoolboy who wrote the essay in Source 5F. The German schoolboy was also told about Owen's achievements at the Berlin Olympics.

(a) What do you think the German schoolboy's reaction would be? (1 x 2) (2)

(b) Explain why you think the German schoolboy would react in such a manner? (3 x 2) (6)

**(24)**
**[50]**

## QUESTION 6: INTERNATIONAL RELATIONS AND EVENTS: THE COLD WAR

## 6.1 THE TRUMAN DOCTRINE AND THE MARSHALL PLAN

Study Sources 6A, 6B, 6C and 6D, which refer to the Truman Doctrine and the Marshall Plan, to answer the following questions:

6.1.1 Give THREE reasons why the USA believed that aid should be given to Europe. (3 x 1) (3)

6.1.2 According to Source 6B, why did Russia view the Truman Doctrine as a threat? (3 x 1) (3)

6.1.3 Using evidence from Sources 6A and 6B, give the different views regarding co-operation (as reflected in the Marshall Plan) held by the USA and Russia. (4 x 2) (8)

6.1.4 Gebruik Bron 6C om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Ondersteun die spotprent in Bron 6C die Marshallplan? (1 x 2) (2)

(b) Gee TWEE redes vir jou antwoord in VRAAG 6.1.4(a) hierbo. (2 x 2) (4)

6.1.5 Gebruik Bron 6D om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Is hierdie bron bruikbaar om meer inligting oor die Marshallplan uit te vind? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 6.1.5(a) hierbo. (2 x 2) (4)
**(26)**

## 6.2 NAVO EN DIE WARSKOUSE VERDRAGBLOK

Bestudeer Bronne 6E, 6F en 6G oor die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie en die Warskouse Verdragsblok om die volgende vrae te beantwoord:

6.2.1 Verwys na Bron 6E en verduidelik waarom die stigters van NAVO geglo het dat die organisasie gestig is om Europa te verdedig teen aggressie. (2 x 3) (6)

6.2.2 Gebruik Bron 6F om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Verduidelik Rusland se houding teenoor NAVO soos dit uitgebeeld word in die bron. (2 x 2) (4)

(b) Is die spotprent nuttig om meer inligting oor NAVO uit te vind? (1 x 2) (2)

(c) Wat is die TWEE redes vir jou antwoord in VRAAG 6.2.2(b) hierbo? (2 x 2) (4)

6.2.3 Verwys na Bron 6E en Standpunte 1 en 2 in Bron 6G om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Dink jy dat die redes vir die totstandkoming van die Warskouse Verdragsblok (Bron 6G) verskil het van die redes wat gegeld het vir die totstandkoming van NAVO (Bron 6E)? (1 x 2) (2)

(b) Gee DRIE redes vir jou antwoord in VRAAG 6.2.3(a) hierbo. (3 x 2) (6)
**(24)**
**[50]**

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

6.1.4 Use Source 6C to answer the following questions:

(a) Does Source 6C support the Marshall Plan? (1 x 2) (2)

(b) Give TWO reasons for your answer in QUESTION 6.1.4(a) above. (2 x 2) (4)

6.1.5 Use Source 6D to answer the following questions:

(a) Is this source useful in finding out information about the Marshall Plan? (1 x 2) (2)

(b) Explain your answer in QUESTION 6.1.5(a) above. (2 x 2) (4)
**(26)**

## 6.2 NATO AND THE WARSAW PACT

Study Sources 6E, 6F and 6G on the North Atlantic Treaty Organisation and the Warsaw Pact to answer the following questions:

6.2.1 Refer to Source 6E and explain why the founders of NATO believed that the organisation was created to defend Europe against aggression. (2 x 3) (6)

6.2.2 Use Source 6F to answer the following questions:

(a) Explain Russia's attitude towards NATO as shown in the source. (2 x 2) (4)

(b) Is Source 6F helpful in finding out information about NATO? (1 x 2) (2)

(c) What are the TWO reasons for your answer in QUESTION 6.2.2(b) above? (2 x 2) (4)

6.2.3 Refer to Source 6E and Statements 1 and 2 in Source 6G to answer the following questions:

(a) Do you think the reasons for the formation of the Warsaw Pact (Source 6G) were any different from those applying to NATO (Source 6E)? (1 x 2) (2)

(b) Give THREE reasons for your answer in QUESTION 6.2.3(a) above. (3 x 2) (6)
**(24)**
**[50]**

**TOTAL: 150**

Copyright reserved